

HIER VOLG DIE NUUS - 02*

Siyavula Uploaders

This work is produced by OpenStax-CNX and licensed under the
Creative Commons Attribution License 3.0†

1 AFRIKAANS HUISTAAL

2 Hier volg die nuus

3 OPVOEDERS AFDELING

4 Memorandum

INLEIDING

Die Graad 2-opvoeder moet voortbou op die werk wat in Graad 1 gedoen is ten opsigte van die Huistaal. Dit is daarom noodsaaklik dat die opvoeder vertroud sal wees met elke leerder se vermoë om die Huistaal te gebruik. ‘n Vertrekpunt moet volgens die leerders se vorderingsverslag, profiel en portefeuiljes bepaal word alvorens met Graad 2-modules begin word. Indien nodig moet die nodige aanpassings gemaak word.

Tydskedule

Daar word voorgestel dat ongeveer twee modules per kwartaal voltooi word. Die opvoeder moet haar deur die leerders laat lei aangesien die vinnige werkers gouer deur die modules sal werk terwyl die stadige werkers heelwaarskynlik meer tyd sal nodig hê.

Die bladsye vir die opvoeder wat by elke module aangeheg is, word nie aan die leerders uitgedeel nie.

- LUISTER, PRAAT, LEES EN SKRYF

Deur middel van nuusberigte oor die televisie, fakse, briewe, telefoonoproep, padkaarte en ‘n blokkiesraaisel word ‘n verlore papegaai weer aan die dieretuyn terugbesorg.

- KLANKE EN WOORDBOU

Met bl, gl, kl, fl, pl, sl, vl vind woordbou plaas en leerders ontwikkel probleemoplossing-vaardighede.

- SKRIF

Die hoofletters U, Z, J, P, D, R, B, C, en O word aangeleer.

- DIE GEDIG

“Ek wil iets sê” beklemtoon die belangrikheid van luistervaardighede.

*Version 1.1: Jul 3, 2009 4:27 am -0500

†<http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/>

5 LEERDERS AFDELING

6 Inhoud

- Lees die berig wat oor die televisie gekom het.




Figure 1

Vanoggend is alles in rep en roer by die dieretuyn.

'n Baie duur en kosbare papegaai het weggeraak.

Die opsigter by die dieretuyn vertel toe hy vanoggend by die papegaai se hok kom, was die hok oop. Daar was geen spoor van die kosbare voël nie.

Die papegaai se lyf is geel, blou en groen. Sy stertvere is lank en om sy oë is fyn rooi veertjies.

As iemand die papegaai gewaar, kan hulle die dieretuyn skakel by die volgende nommer: 33555862.

'n Beloning van R200 sal betaal word aan enigiemand wat inligting kan verskaf wat sal lei tot die terugvind van die papegaai.

LU 3.3.1	LU 3.3.2	LU 3.5.1	
----------	----------	----------	--

Table 1

- Lees die lettergrepe.

van	og	gend		pa	pe	gaai

Table 2

op	sig	ter		veer	tjies

Table 3

vol	gen	de		be	lo	ning

Table 4

- Waar pas hulle in?
1. Die dieretuyn se het gesê
was die weg.
 2. Hy het mooi geel
 3. Hulle sal 'n betaal.
 4. Skakel die nommer.

LU 3.3.5	
----------	--

Table 5**Figure 2**

LU 4.1	
--------	--

Table 6

- Lees die koerantberig.

**Figure 3**

6.1 Nuus van die Dieretuin

Die opsigter is raad-op!

Hy het so baie oproepe, fakse, briewe en telegramme gekry.
Almal sê hulle het die papegaai gesien.
Hy weet nie waar om te begin soek nie.
Sy boodskappe het almal deurmekaar geraak.
Wie kan hom help?

LU 3.1.2	
----------	--

Table 7

6.2 Fakse



Figure 4

bl_f
bl_r
bl_k
bli_k
bl_k
bl_
bl_m
bl_k

6.3 Briewe



Figure 5

gl_s
gl_p
gl_
gl_d
gl---

6.4 Telegramme



Figure 6

kl_s
 kl_m
 kl_p
 kl_--
 kl_--
 kl_--r
 kl_--r
 kl_p

- Voltooi die woorde.
- Teken 'n prentjie langs elke woord.

LU 3.4.2	LU 3.4.7	
----------	----------	--

Table 8

- Verdeel in klein groepies.
- Praat oor: hoe het die papegaai uitgekom?
- Wat kan julle doen om die papegaai terug te kry?

Dink aan baie planne.

- Skryf al jul planne hier neer.
- Kies die beste plan en merk dit met 'n regmerk.

- | | | |
|----|--|----|
| 1. | | 3. |
| 2. | | 5. |
| 4. | | 7. |
| 6. | | |

- Vertel vir die klas wat julle gaan doen.
- Teken 'n pragtige prent van die papegaai wat weggeraak het. Lees weer oor hoe hy gelyk het.

LU 4.2.1	LU 4.2.2	LU 4.8	
----------	----------	--------	--

Table 9




Figure 7

LU 4.4.1	LU 4.5.1	LU 4.6.1	LU 4.6.2	
----------	----------	----------	----------	--

Table 10




Figure 8

LU 4.1	<input type="checkbox"/>
--------	--------------------------

Table 11

7 Assessering

Leeruitkomste 3:LEES EN KYK: Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer.

Assesseringstandaard 3.1: Dit is duidelik wanneer die leerder visuele leidrade gebruik om betekenis te skep:

3.1.2 ten opsigte van beeld, die gedrukte media en advertensies;

Assesseringstandaard 3.3: Dit is duidelik wanneer die leerder betekenis uit letters en woorde in langer tekste herken en skep:

- 3.3.1 met toenemende spoed en vlotheid lees;
- 3.3.2 hardop lees en die korrekte uitspraak en gepaste klem gebruik;
- lettergrepe gebruik om woorde te lees;

Assesseringstandaard 3.4: Dit is duidelik wanneer die leerder klankbewustheid ontwikkel:

- 3.4.2 twee- en drie letterkombinasies aan die begin en einde van woorde herken;
- 3.4.7 enkelklanke hersien;

Assesseringstandaard 3.5: Dit is duidelik wanneer die leerder vir inligting en genot lees:

- 3.5.1 'n verskeidenheid tekste vir genot lees.

Leeruitkomste 4SKRYF: Die leerder is in staat om verskillende soorte feitelike en verbeeldingstekste vir 'n wye verskeidenheid doeleindes te skryf.

Assesseringstandaard 4.1: Dit is duidelik wanneer die leerder toenemend leesbaar skryf:

Assesseringstandaard 4.2: Dit is duidelik wanneer die leerder pre-skryfstrategieë gebruik om 'n skryfstuk te begin:

- 4.2.1 deelneem aan dinksrum-aktiwiteite om idees vir skryf te kry;
- 4.2.2 idees met klasmaats en onderwyser deel;

Assesseringstandaard 4.4: Dit is duidelik wanneer die leerder skryfstukke hersien:

- 4.4.1 terugvoering te gee of te ontvang;

Assesseringstandaard 4.5: Dit is duidelik wanneer die leerder skryfstukke "publiseer":

- 4.5.1 werk met ander deel deur dit hardop te lees en/of in die klas uit te stal;

Assesseringstandaard 4.6: Dit is duidelik wanneer die leerder wordeskat opbou en begin woorde spel sodat ander dit kan lees en verstaan:

- 4.6.1 eksperimenteer met woorde uit eie taalervaring;

- algemene woorde korrek spel;

Assesseringstandaard 4.8: Dit is duidelik wanneer die leerder woorde, sinne en stories illustreer om begrip te toon.